# NG KERK REEBOK

## SONDAG, 19 JULIE 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

**08:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.

**09:00**

**Erediens:** Richard van Wyk
**Skriflesing**: Nehemia 9:38 – 10:39
**Tema:** *"'n Deklarasie van afhanklikheid."*
**Spesiale Deuroffer:** Hugenote Kollege
Digitale Uitsending **09:00**
https://youtube.com/live/VxDcMOw9yQw?feature=share

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.

**PERSONEEL-AANGELEENTHEID**

**Deon van den Berg** : 6 Julie tot 29 Julie (aftyd en verlof)

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Retha Burger** (F13), vier 20 Julie haar **80**ste verjaardag.
- **Jan Louw** (F3), vier 22 Julie sy **90**ste verjaardag.

*"Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee"*
(Matteus 11:28)

## PROGAM VIR DIE WEEK

**DINSDAG, 21 JULIE 2026 SKOLE HEROPEN**
15:00 Erediens-Werkgroep

**WOENSDAG, 22 JULIE 2026**
18:00 Gebedsgeleentheid in die konsistorie

**DONDERDAG, 23 JULIE 2026**
**11:00 tot 12:00:** **Bloeddruk-kliniek** in die moederskamer
**16:30 Kooroefening**
**17:45 Musiekgroep**

**JEUG- en VLEISTAFEL-BASAAR – SATERDAG, 25 JULIE 2026**

**Ons maak gereed vir die Jeugbasaar en daarmee saam die vleistafel wat vroeër vanjaar nie aangebied kon word nie. Kom kuier, klets en koop mandjies vol!**

**Om 09:00** maak die tafels oop met heerlike gebak soos kleinkoekies en groot koeke, terte, cupcakes, poeding, boereworsrolle, kerrie en rys, boepensbroodjies en hamburgers.

**Om 10:00** kan almal heerlike *topklas wors, maalvleis, sosaties en beesstert koop.*

**Om 11:00** vind die trekking van die skaap braai-pakkette plaas.

**Kom ondersteun die Jeug en die Vleistafels.**

## VOLGENDE SONDAG – 26 Julie 2026

| | |
|---|---|
| **08:40** | Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens. |
| **09:00** | **Erediens:** Chris de Wet<br>**Skriflesing**: 1 Korintiërs 13:1-13<br>**Tema:** *"Die heel beste weg"*<br>**Spesiale Deuroffer**: Gemeente ontwikkelings-fonds |

## OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**FRAAI-UITSIG WYKE F1 TOT F5**

- **Babette Els** (F3) sterk aan na hospitalisasie.
- **Oom Jan Louw** (F3), is in Life Bay View hospitaal.

**REEBOK WYKE R1 TOT R5**

- **Ds. Willem Louw** (R1), sterk na 'n operasie in Vidamed aan.

**REEBOK WYKE R6 TOT R11**

- **Peet Diedricks** (R7), sterk aan na 'n operasie
- **Innige meegevoel aan Leon Janse van Rensburg** (R10) en Herman en Melandi Lombard en hele familie, met die heengaan van Leon se vrou Elsabé Donderdag 16 Julie 2026. 'n Diens vir haar vind DV Maandag 20 Julie om 11:00 vanuit die kerk plaas.

**REEBOK WYKE R12 TOT R15**

- **Thinus Bezuidenhout** (R12), word tuis verpleeg.

**REEBOK WYKE 16 TOT R20**

- **Jannie Lourens (R17),** ondergaan toetse in Life Bay View Hospitaal.

**BUITEWYK**

- **Annette Theron**, sterk in Vidamed aan.
- Baie sterkte aan **Des en Leonie Sinclair** wie se kleinseun **Paul** van 13maande met aggressiewe kanker gediagnoseer is. Ons dink ook aan die ouers **Paul en Laura van Heerden**.

**TERGNIET WYKE T1 TOT T9**

- **Carlien Basson (**T1), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Leatitia Jordaan** (T5), sterk aan na hospitalisasie.

## ALGEMENE INLIGTING

**SIEKEBEDIENING**

🌿 **Demensie as sambreelbegrip** 🌿

U word herinner aan die inligtingsessie oor Alzheimer en Demensie op Dinsdag 28 Julie 2026 om 10:00 in die kerksaal. Gedragsverandering, vreemde optrede en agteruitgang van geheue kan aanduidings wees van hierdie probleem. Leatitia Greeff is die aanbieder. Bevestig asseblief as u die geleentheid wil bywoon of enige vrae het by **Corrie Boom 083 262 1181.**



**REEBOK GHOLFDAG – 20 AUGUSTUS 2026**

NOG NET **30 DAE** OOR VOOR DIE AFSLAAN!!

Reebok Gemeente se Gholfdag vind **DV DONDERDAG, 20 AUGUSTUS 2026** te George Gholfbaan plaas. Die koste vir 'n 4-bal is **R2200.00** en dit sluit twee ligte etes, asook verversings op die baan in. Nege afslaanbowwe vir advertensie/uitstalling teen R500 per bof is ook beskikbaar. Uitstekende pryse kan gewen word. Ons beoog om 100 spelers vir die dag op die baan te hê. Komaan Gholfspelers skryf in! Kom geniet die dag saam met ons, want dit gaan vir 'n goeie doel. Ons kort nog vyf ***vierballe – 20 spelers!!***

***As u kan ondersteun met pryse vir die spelers kontak asseblief vir Martina van den Berg by 044 696 6685 / Frederick Wagenaar 083 264 0283 / Anton Gouws 082 560 7254.***



**Baie belangrik asseblief**

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan of enige ander saak.

**REEBOK GEMEENTE SE BANKBESONDERHEDE**
**ABSA: TJEK REKENING TAKKODE 632005**
**REKENINGNOMMER: 404 908 7902**

Snap here to pay

SnapScan